

WILMA KOTZÉ
Professor en Hoof
Departement Verpleegkunde
Universiteit van Pretoria

WILMA KOTZÉ
Professor and Head
Department of Nursing Science
University of Pretoria

IN hierdie uitgawe van *Curationis* word die aandag gevestig op geestesvertraagde. 'n Tiental skrywers wat direk of indirek op die een of ander wyse by die geestesvertraagde persoon betrokke is, verskaf waardevolle inligting oor 'n verskeidenheid fasette wat die onderwerp raak.

In die hoofartikel word die beleid van die Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene met betrekking tot die versorging en die aandeel van ander departemente in die sosialisering van die geestesvertraagde persoon toegelig. In hierdie artikel word dit reeds duidelik dat die benadering tot hierdie diens besig is om die fase van passiewe versorging in 'n hoogsbeskutte omgewing verby te steek tot dië van ont-plooiing van die moontlikhede van die persoon en die integrering van die betrokkenheid van sowel die gesin en die gemeenskap hierby. Met die riglyne wat in die volgende artikel vir die beplanning van dienslewering aan die geestesvertraagde gestel word, word die stukrag beoog wat nodig sou wees om daarvan 'n dinamiese deel van die psigiatriese dienste te maak.

In die artikel wat handel oor gemeenskapsverleeg-dienste vir die geestesvertraagde word dit duidelik dat die deurbreking van die tradisionele geslote dienslewering-sisteem besig is om 'n werklikheid te word. Daar is naamlik gedurende 1979 by die Alexandra-sorg- en rehabilitasiesentrum begin met die ontwikkeling van gespesialiseerde gemeenskapsdienste met 'n tuisbesoekdiens in die Kaapstad-gebied. Die uitbreiding van hierdie benadering na alle psigiatriese gemeenskapsdienste word in die vooruitsig gestel. Nie alleenlik die psigiatriese gemeenskapsverpleegkundige nie, maar ook die gemeenskapsverpleegkundige in die omvattende primêre gesondheidsdiensleweringveld het belang by die verskynsel geestesvertraagde. Ook hierdie werklikheid word deur 'n skrywer toegelig. Dit word vandag algemeen aanvaar dat die gemeenskapsverpleegkundige 'n onmisbare, sleutelrol vertolk deur haar voorligting en leiding aan ouers, vroeë herkenning van geestesvertraagde en haar bevordering by die gemeenskap van 'n gees van bereidheid om nie alleen die geestesvertraagde persoon te aanvaar nie, maar ook betrokke te raak by die normalisering en vermensliking van sy of haar leefwyse en versorging.

IN this edition of *Curationis* attention is directed to mental retardation. A number of writers who are involved either directly or indirectly with the mentally retarded provided us with valuable information about various facets which have a bearing on the subject.

In the leading article the policy of the Department of Health, Social Welfare and Pensions in relation to care and the contribution of other departments to the socialising of the mentally retarded person are highlighted. In this article it is clear that the approach to the service is moving away from the phase of passive care in a highly protective environment to the development of the potential of the person and the integration of the involvement of both the family and the community in this. The directives for the planning of the service for the mentally retarded contained in the following article should provide the driving force which is necessary to make this service a dynamic part of the psychiatric services.

The article which deals with community health services for the mentally retarded shows clearly that the break with the traditional closed service system is gradually becoming a reality. For example during 1979 a start was made at the Alexandra Care and Rehabilitation Centre to develop a specialised community service with home visits in the Cape Town area. The prospect of the extension of this approach to all psychiatric community services is being welcomed. Not only the psychiatric community health nurse but also the community health nurse in the comprehensive primary health service field has a vital interest in the phenomenon of mental retardation. One of the authors illustrates this aspect. It is generally accepted today that the community health nurse plays an indispensable key role through her education and guidance of parents, early recognition of mental retardation and by instilling in the community a spirit of willingness, not only to accept the retarded person, but to become involved in normalising and humanising his or her life style and care.

'n Artikel oor die opleiding van verpleegkundiges vir hierdie vorm van dienslewering beklemtoon die beperkte moontlikhede wat bestaande basiese leergange in psigiatriese verpleegkunde bied om vir werklike ontplooiing tot kundigheid voorsiening te maak. Hierdie jarelange onderbeklemtoning van 'n vakgebied wat inderwaarheid hooggespesialiseerde kennis en vernuf verg is sprekend van die oënskynlike gebrek aan insig wat oor die afgelope kwarteeu die vermoede laat ontstaan het dat diens aan die geestesvertraagde die stiefkind van die gesondheidsdienste is. Dit is ook nie sonderling dat daar 'n Jay-kommissie na vore sou kom met aanbevelings waarin daar geen ruimte vir die psigiatriese verpleegkundige voorsien word nie. Die opleiding moet verpleegpraktisyns lewer wat hul eiesoortige bydrae sal kan maak tot die rehabilitasie van en die bereiking van maksimale persoonlikheids groei na sosiale onafhanklikheid by die geestesvertraagde individu. Dit word toenemend in verpleegkundige kringe in Suid-Afrika en elders besef dat die verpleegkundige in belang van die individu, die gesin en die gemeenskap 'n onmisbare taak hierin het. Dié standpunt blyk ook uit beskouings van skrywers vir hierdie uitgawe.

In 'n artikel byvoorbeeld oor 'n ondersoek na die daarstelling van 'n sensoriese-motoriese stimulasie- en leerprogram word die belangrike rol van die psigiatriese verpleegkundige in die rehabilitasie van voorskoolse geestesvertraagde kinders in die gemeenskap identifiseer. In 'n verdere artikel word die taak van die verpleegkundige in genetiese raadgewing as bykomende dimensie tot die voorkoming van geestesvertraagtheid aangedui. Die stewige wetenskaplike begroning van dié benaderings is bemoedigend.

Die ontplooiende belangstelling in die uitbreiding van die wetenskaplike benadering in die rehabilitasie van die geestesvertraagde persoon word verder duidelik deur 'n bespreking van die toepassing van Aurelle-terapie volgens die beskouing van Tomatis by die Witrand-sorg- en rehabilitasiesentrum.

Die aanvaarding van die noodsaaklikheid van die multiprofessionele spanbenadering vir sukses is deurgaans deur die verskillende skrywers benadruk. Die insluiting van 'n artikel oor die taak van die maatskaplike werker in die rehabilitasie van geestesvertraagde persone bevestig dié insig van die Suid-Afrikaanse verpleegkundige.

An article about the training of nurses for this type of service emphasises the limited scope that the present basic syllabus in psychiatric nursing offers for the actual development of the necessary skill. For years there has been an under-emphasis of a subject which in fact requires specialised knowledge and ingenuity. This apparent lack of insight over the last quarter of a century has resulted in the surmise that the service for the mentally retarded is the stepchild of the health services. It is therefore not at all strange that the Jay Commission came forward with recommendations in which there was no provision for the psychiatric nurse. The training must produce nurse practitioners who can make their own particular contribution to the rehabilitation and the attainment of maximum personality growth and social independence of the mentally retarded person. It is increasingly being recognised in nursing circles in South Africa and elsewhere that in the interest of the individual, the family and community, the nurse has a vital role to play. This point of view is evident in the approach of writers for this issue.

For example in an article about an investigation into the provision of a sensory-motor stimulation and education programme in the rehabilitation of pre-school mentally retarded children in the community, the important role of the psychiatric nurse is identified. In another article it becomes clear that the role of the nurse in genetic counselling gives further dimension to the prevention of mental retardation. The firm scientific foundation of the approach in both articles is encouraging.

The increasing interest in the development of the scientific approach in the rehabilitation of the mentally retarded person is further clarified in a discussion of the application of Aurelle-therapy according to the view of Tomatis at the Witrand Care and Rehabilitation Centre.

The acceptance of the need for a multi-professional team approach for success is emphasised throughout by different writers. The inclusion of an article concerning the role of the social worker in the rehabilitation of mentally retarded people confirms the insight of the South African nurse in this regard.